
**BYBELSTUDIE**

## Inleiding

> 15 Lê jou daarop toe om jou beproef voor God te stel as 'n werker wat hom nie hoef te skaam nie, wat die woord van die waarheid reg sny. – 2 Tim.2

Voordat 'n mens 'n goeie Bybelkategeet kan wees, en dus suksesvol en kreatief kategese kan gee, is dit eers nodig om die nodige fondamente reg te lê. Die belangrikste fondament is goeie Bybelstudie. Wanneer 'n mens kategese aanbied, word die vrug van goeie Bybelstudie gesien. Baie mense misbruik die gesag van die Skrif om hul eie boodskappe te verkondig en dus nie te verkondig: 'Daar is geskrywe ...' of 'So sê die HERE Here' nie. Daarom is dit baie belangrik om 'n effektiewe bybelgetroue Bybelstudiemetode te ontwikkel wat jou sal leer en toerus om die 'woord van die waarheid reg (te) sny'. Richards en Bredfeldt stel die volgende 'Induktiewe Studiemetode' voor in hul boek, *Creative Bible Studying* (1998: 61-73):



**Die kreatiewe Bybelonderwyser se Induktiewe Studiemetode**

Met die woord 'indikatief' word bedoel dat daar beweeg van al die spesifieke detail na die algemene beginsel, of soos Robinson (2001: 33) dit stel: "the big idea". Dus, uit al die feite en inligting wat bestudeer word, moet by die *telos*, die doel van die spesifieke Skrifgedeelte uitgekom word.

***a. Waarneming: wat staan daar geskrywe?***

In die eerste stap moet bepaal word wat die skrywer oorspronklik gesê het vir die mense wat dit die eerste keer gelees het. Daar moet dus teruggegaan word in die verlede. Die volgende vrae is behulpsaam in hierdie soeke:

*a. Konteksvrae:*

1. Wie is die skrywer of spreker ? 2. Waarom is die boek geskryf ? 3. Wat is die historiese agtergrond? 4. Waar was dit geskryf?

*b. Struktuele vrae:*

1. Watter woorde/frases word herhaal? 2. Vergelykings en kontraste? 3. Watter vrae word gestel en watter word beantwoord? 4. Enige oorsaak en gevolg verhoudings? 5. Progressie en oorgang in die teks? 6. Klimaks van die teks?
7. Enige stylfigure wat gebruik word? 8. Enige sentrale gesegdes of woorde?
9. Watter voegwoorde word gebruik wat belangrik is? 10. Watter werkwoorde word gebruik?

***b. Verklaring: wat beteken dit?***

Die Skrif kan verskillende toepassings hê maar slegs een ware verklaring. Die volgende reëls moet in ag geneem word: 1. die Skrif moet deur die Skrif verklaar word, want daar is 'n eenheid in die boodskap van die Skrif. 2. die teks moet binne sy konteks verklaar word. 3. die letterlike betekenis moet gevolg word, d.w.s. die grammaties-historiese metode, wat beteken dat elke vers of Skrifdeel

moet volgens sy literatuursoort waarbinne dit voorkom verklaar word (bv. geskiedenis, poësie, wysheidsliteratuur, ens).

### *c. Veralgemening: wat is die hoofgedagte?*

Alle effektiewe kommunikasie is afhanklik van een groot idee oftewel die telos (doel) van die teks. Die res van die kommunikasie is 'n uitbreiding op daardie hoofgedagte wat dit begrond, verduidelik of anders verwoord. Elke woord, frase, sin, paragraaf, ens. bou op tot daar een groot idee of beginsel. Al die studie moet dus daarop gemik wees om uit te vind wat die "Gees vir die gemeente" wil sê deur 'n bepaalde teks of gedeelte.

### *d. Toepassing: watter verskil maak dit?*

Totius stel die belangrikheid van toepassing as volg: "Getroue uiteensetting van die Skrifgedagte wil nie sê dat daar geen toepassing moet wees nie. Calvyn leer ons dit reeds anders. Prof. Viguié het van hom gesê: 'Uit die mees wysgerige teks kan hy nog 'n lering put. Hy is die man van die toepassing ! Sy preek is geheel en al toepassing.' So is dit. By Calvyn is daar net een tree tussen sy teks en die werklike lewe. 'n Student kan by hom die kuns afkyk om toepassings te maak" (Venter, 1977: 221).

Om korrekte toepassings te maak, moet die volgende riglyne gevolg word:

1. Verklaring moet toepassing voorafgaan.
2. Toepassing fokus op Bybelse antwoorde vir algemene kwessies van vandag.
3. Die Bybel moet toegepas word soos God dit bedoel het (2 Tim.3:15-17).

Vervolgens kan die volgende vrae ook gevra word met die oog op die toepassing:

- Is hier 'n lering wat geglo en gedoen moet word?
- Is hier 'n waarskuwing wat gehoor en gehoorsaam moet word?
- Is daar iets wat verander moet word in my lewe ?
- Wat leer die teks ons oor hoe om regverdig te lewe?

### *e. Implementering: wat moet ek verander?*

By die laaste stap raak die toepassing baie individueel van aard en kan nie vir almal wat dit lees en aanhoor dieselfde noodwendig wees nie. Die Bybel moet nie net gesien word as blote inligting nie maar 'n Boodskap wat ons lewens radikaal verander. Selfondersoek in die lig van die Skrif (Ps.1) is hier baie belangrik: elkeen moet homself afvra waar en hoe hy moet verander?

Ten einde is die doel van die Skrifstudie om te groei in heiligmaking en godsaligheid, tot eer van God. Dit is wat die Skrif ons dan ook duidelik leer:

> [11] WANT die reddende genade van God het aan alle mense verskyn [12] **en leer ons** om die goddeloosheid en wêreldse begeerlikhede te verloën, ingetoë en regverdig en vroom in die teenwoordige wêreld **te lewe**, [13] terwyl ons die salige hoop en die verskyning van die heerlikheid verwag van die grote God en ons Verlosser, Jesus Christus, [14] wat Homself vir ons gegee het om ons te verlos van alle ongeregtigheid en vir Homself 'n volk as sy eiendom te reinig, ywerig in goeie werke. [15] Spreek hierdie dinge en vermaan en bestraf in alle erns. Laat niemand jou verag nie. – Titus 2

## Slot

Dit is wesentlik belangrik dat elke gelowige die Skrif nie net sal ken en liefhê nie, maar dit ook reg gebruik. Bybelstudie moet geskied in 'n gees van liefde vir Christus sodat die waarheid geleer en toepas word op elke terrein van die lewe. Daarom geld die oproep en waarskuwing wat Paulus vir Timoteus gee, net so ook vir ons vandag:

> [16] Let op *jouself en op die leer*; volhard daarin; want deur dit te doen, sal jy jouself red sowel as die wat jou hoor. – 1 Tim.4.

**Bronnelys**


BYBEL. 1953. Die Bybel: dit is die ganse Heilige Skrif wat al die kanonieke boeke van die Ou en die Nuwe Testament bevat. Kaapstad: Bybelgenootskap Van Suid–Afrika.

RICHARDS, L.O. & Bredfeldt, G.J. 1998. Creative Bible Teaching. Chicago: Moody.

ROBINSON, H.W. 2001. Biblical Preaching: The Development and Delivery of Expository Messages. Grand Rapids, MI: Baker Academic.

VENTER, H. 1977. Totius Versamelde Werke, deel 3: Die erediens. Kaapstad: Tafelberg.